# HOOFSTUK 2

## BREË BEGINSELS VIR PASTORAAT EN DIE BEMIDDELENDE PASTORALE HANDELING VAN MENSE WAT DEUR DIE HEILIGE GEES IN SY WERK INGESKAKEL IS.

## 2.1 INLEIDING.

In hierdie studie word gebruik gemaak van 'n geïntegreerde, sirkulêre model van heen-en-weer beweeg tussen praktyk en teorie om die dualisme daarvan te ontwyk. Don Browning (1991:34) definieer die prakties-teologiese wetenskaplike proses in terme van "practical wisdom." Hy beweeg weg van die onderskeid tussen basiese teorie (theoria) en praktiese teorie (techné). Hy vind eerder aansluiting by die begrip phronesis. Phronesis is nie 'n toepassing van abstrakte beginsels op konkrete situasies nie, maar dit verwys eerder na 'n waarde-georiënteerde bespreking wat in 'n wisselwerking tussen praktyk ervaringe en kennis van bestaande teorië vergestalt word. Volgens Heitink (1993:151) moet daar 'n praktyk-teorie-praktyk beweging plaasvind. Dit gaan dus om 'n teologiese integrasie van teorie en praktyk.

Müller (1996:5) gee 'n verhelderende definisie: "Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christengeloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe."

In 'n insiggewende artikel in Skrif en Kerk 15 no 2:349-350 in 1994 met die titel "An eco-hermeneutical perspective on inter-cultural counselling," gee Müller duidelikheid omtrent die gebruik van die terme "hermeneutics" en "ecosystemic":

> "The two terms hermeneutics and ecosystemic are closely related. However, it is important to note that each separate term has its own emphasis. In

hermeneutics the emphasis is on understanding and interpretation of the system; and in ecosystemic the emphasis falls on the broader system and all - inclusive ecosystem - a holistic approach. Therefore I found it usefull to create a combined term: eco-hermeneutical pastoral care. With this description of pastoral care, it is my intention to place emphasis on wholeness and on understanding, and more specifically on an understanding of wholeness.

With this term "understanding of wholeness," I definitely do not have a kind of cognitive and distant understanding of systems in mind. I am rather thinking of an emphatic involvement, even an appreciation of systems (also cultural systems). Not an appreciation of the system as a static phenomenon, but of the beauty (quality) of change that makes a system what it is.

Eco-hermeneutical pastoral care is pastoral care which is willing to take the risk of involvement with a system, not to explain it from the outside and even give empathetic advice from the outside, but to become part of the system and experience (and facilitate) the beauty of change. In doing so, it works toward wholeness as a ecosystemic reality and as a biblical goal."

In 'n eko-hermeneutiese pastorale paradigma, soos ons dit tans verstaan, moet die hermeneutiese aspek opnuut beklemtoon word. Pastoraat, wat gegrond is op praktiese teologie, bestudeer vandag die verstaan van verstaan. Ware verstaan met die oog op die soeke na sin kan alleen vanuit 'n ekosistemiese perspektief gedoen word. Die doel van pastoraat is die egte en bedoelde soeke na sin. In die hermeneutiese paradigma val die klem op die verstaan binne die konteks van die geheel. In die eko-hermeneutiese paradigma val die klem op die verstaan van die geheel en die ontdekking van die betekenis van die geheel-konsep binne verskeie kontekste. Die hermeneutiese paradigma vra na die verstaan binne die wyer ekosisteem. Die eko-hermeneutiese paradigma vra na die verstaan van die konsep in geheel. Dit is 'n vorm van verstaan wat alleen moontlik is, as die mens in die betekenisgeheel opgeneem word. Müller (1996:15) sê: "Dit word nou duidelik waarom 'n eko-hermeneutiese paradigma byna vanselfsprekend tot 'n model van narratiewe betrokkenheid moet lei.

Pastoraat wat vanuit 'n eko-hermeneutiese paradigma gedoen word, mond uit in 'n pastoraat van betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is. In so 'n pastoraat gaan dit nie bloot om rasionele, dialogiese diskoerse nie, maar om 'n ervaring van die geheel van die verhaal en 'n totale betrokkenheid daarby." 'n Hermeneutiese kyk op die werklikheid, is by implikasie ook 'n narratiewe kyk op die werklikheid. ***Bepaalde gedrag en ontoereikende selfbestuur kan slegs verstaan word deur die hele konteks waarin dit ingebed is, in ag te neem***. 'n Eko-hermeneutiese benadering in veral die pastorale gesprek, plaas die verhaal van gebeure en ervaringe in 'n wyer verstaanbare konteks. Die konteks is die hele narratiewe struktuur waaruit die persoon op 'n gegewe moment handel. Wanneer 'n persoon in 'n krisis beland, word die tans bestaande lewensverhaal of verstaansraamwerk nie meer as geldend (of bruikbaar) ervaar nie. Daar ontstaan dan 'n behoefte aan die opbou van 'n nuwe verwysingsraamwerk uit "sluimerende oriëntasies" (Ganzevoort, 1989:75). Die hermeneutiese pastoraat is doelbewus op soek na 'n rekonstruksie van die lewensverhaal vanuit 'n dubbele narratiewe struktuur: die eie lewensverhaal en die gemeenskaplike geskiedenis van ander verhale (vgl. Müller, 1996:9).

Hermeneutiek is die wetenskaplike aktiwiteit van interpretasie. Interpretasie nie net van tekste nie, maar ook van fenomene, soos gesproke woorde, gebare, handelinge, historiese en maatskaplike verskynsels (Heitink, 1993:175). 'n Narratiewe verslag bind gebeurtenisse en mense saam tot 'n verstaanbare patroon. Dit is 'n beskrywing en 'n verklaring vir waarom dinge is soos dit is. Dit help met interpretasie en interpretasie help met verstaan. Vos (1995:42) sê: "In die narratief kom die bestaansvrae en -antwoorde vertellend na vore. Die weg tot selfverstaan loop deur die verhaal."

Müller (1996:23) verwys na Sarbin (vgl. Putman, 1994:144) wat in sy teorie uitgaan van die narratiewe kapasiteit van die menslike psige. Hy plaas die klassieke onderskeid van James tussen die **"I"** en die **"ME"** in 'n narratiewe konteks. Die **"I"** beskik oor die vermoë om deur sy verbeeldingskrag 'n verhaal te konstrueer met die **"ME"** as hoofspeler. Dit is moontlik omdat die self as outeur in staat is om vanuit die hede die verlede te rekonstrueer en die toekoms met die self as akteur te verbeeld.

Pastorale sorg sonder die pastorale gesprek (die narratiewe of verhalende kyk op die werklikheidsgebeure) is nie denkbaar nie. In die pastorale gesprek word pastor en pastorant bewus van ervaring en interprestasie van daardie ervaring. Dit skep dan die moontlikheid en verantwoordelikheid om te soek na werkbare en gefundeerde lewensbestuursvaardighede.

Hierdie studie is daarop ingestel om die huidige werklikheid van gelowiges se geloofsverstaan en geloofshandelinge empiries-wetenskaplik te help vasstel. 'n Teologiese kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering met 'n narratiewe perspektief tot die praktiese teologie word gevolg. Hoofsaak is die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge. Die pastorale gesprek is so 'n kommunikatiewe handeling. Hierdie studie wil juis aantoon dat die pastorale gesprek bydra tot die verkryging van Skriftuurlik-verantwoorde lewensbestuursvaardighede in die lewe van gelowiges. Dit kan gedoen word deur die uitskakeling van lewensprobleme waarmee die gelowige in die praktyk van die lewe worstel.

Die samelewing en die kerk staan by die jaar 2000. Die wêreld verander tans teen 'n duiselingwekkende tempo. Probleme van mense is nog nie eers almal aangespreek en opgelos nie, dan is daar nuwes wat bykom. Die stresfaktor in die lewe van die mens is byvoorbeeld een baie ernstige probleem wat onopgelos is en nou word dit geïntensifiseer deur nuwe uitdagings hier by die wisseling van die eeu. Stres versteur talle verhoudings soos tussen man en vrou, ouers en kinders, werkgewer en werknemer, kerk en lidmaat. 'n Gees van verslaenheid, moedeloosheid en depressie het by talle mense posgevat. Die gelowige is ook aan hierdie soort samelewing blootgestel. Sy kerk en sy wêreld vra van hom aanpassing en 'n ander geloofsverstaan van die werklikheid. Pastoraat word eweneens met hierdie andersoortige probleme gekonfronteer. Pastorale beraders het baie besige mense geword. Dit is 'n professionele beroep wat huidiglik voor groot uitdagings te staan gekom het. Pastoraat moet effektief die bestaande en nuwe probleme aanspreek. Die kernvraag is: Het die kerk deur pastoraat 'n taak teenoor die gelowige in die post moderne samelewing om aan die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede laat te bekom?

## 2.2 FUNDERING VAN DIE PASTORAAT IN DIE PRAKTYK.

Voordat die vraag beantwoord kan word, is dit nodig om te kyk na die breë beginsels van die pastoraat. Volgens Louw (1983:102) is die vertrekpunt van die pastoraat "geloofshulp." Die gestalte van die pastoraat is "lewenshulp." Die fokuspunt van die pastoraat is "oorwinningshulp." In pastoraat word dus in die naam van die Here 'n helpende hand na die gelowige in 'n oomblik van krisis, uitgesteek (Botha,1980:5,6). Pastoraat beteken hulp en versorging aan die gelowige. Egan (1990:5) sê: "Helpers are effective to the degree that their clients, through client-helper interactions, are in a better position to manage their problem situations and/or develop the unused resources and opportunities of their lives more effectively." Heitink (1977:75) beskryf pastoraat as hulpverlening. Pastoraat moet herderlik die skape lei na groen weivelde, na waters waar daar rus is (Ps. 23). In Kolosense 1:10 skryf Paulus: " sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk mag vrug dra en in die kennis van God mag groei." Dit kan in werklikheid gebeur nadat die probleme in die lewe van die gelowige werklik aangespreek is. "En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak bevestig, versterk en grondves!" (1 Petr. 5:10). Die pastorale arbeid van Paulus in sy bediening kom duidelik na vore in Kolossense. 1:28-29: "Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; waarvoor ek arbei en stry volgens sy werking wat in my werk met krag." Die bediening van Paulus is praktiese onderrig; ook pastoraat om elke mens (sonder onnodige hindernisse en probleme) volmaak voor te stel. Uit die Engelse Bybel haal ek Romeine 15:14 aan: "And I myself also are persuaded of you, my brothers, that you also are full of goodness, filled with all knowledge, able also to ***counsel*** one another." Die opdrag van Jesus in hierdie verband lees ons in Matteus 10:6-8: "Maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel. En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit." Die verkondiging van God se Woord en die pastorale versorging van die worstelende, is twee noodsaaklike komponente van ons bediening. Alhoewel hy luister na die verkondiging van die Woord, het die gelowige ook persoonlike en individuele

aandag en pastorale sorg nodig. "Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie" (Luk. 15:7). Pastoraat is 'n individuele kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Jesus self het dit so gedoen: "Toe sê Jesus vir hom: Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is. Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was" (Luk. 19:9-10). Prediking is noodsaaklik - dit lei tot kennis en verstaan van die wil van God. Pastoraat is net so noodsaaklik omdat dit 'n effektiewe handeling is om mense te help met hul persoonlike probleme sodat hulle sinvol hul persoonlike lewens kan bestuur. Jesus Christus het immers sy lewe gegee vir die individu (Joh. 3:16). "En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy my gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat my gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:39-40).

## 2.3 DIE DOEL EN GRONDSLAG VAN DIE PASTORAAT IN DIE PRAKTYK.

Pastoraat het ten doel geloofshulp, lewenshulp en oorwinningshulp. Dit kan alleen bereik word binne die praktiese teologie wat die kommunikatiewe handelinge van mense in diens van die evangelie ondersoek. Die geloofspraxis van die gelowige in kerk en samelewing word ondersoek. Praktiese teologie beoefen nie die praktyk nie maar stel vas watter teorië ten grondslag van die praktyk lê. Praktiese teologie moet nagaan of dit doeltreffend is. As die teorië nie doeltreffend is nie, moet nuwes ontwikkel word. Teorie en praxis is egter gelyk. Daar kan nie net met 'n teorie oor God gewerk word nie, maar ook met God se dade in die verlede en hede van die gebeure waarin God die mens ontmoet. By die handelinge van God, vertrou Hy mense en neem Hy hulle in sy diens om namens Hom handelend op te tree (Heitink,1984:170). "Een elementaire vorm van pastoraaltheologie treffen we reeds aan in het Nieuwe Testament. Het boek 'Handelingen' (Praxeis apostoloon) legt er de nadruk op dat het werk van de Geest hierin bestaat, dat Gods handelen zich voortzet in menselijk

handelen. Gods openbaring schept ruimte voor 'bemiddeling'. Mensen ontvangen geestesgaven ('Kerygma') elkaar op te bouwen tot een hechte gemeenskap ('koinonia') en dienstbaar te zijn aan de komst van het Rijk van God in deze wereld ('diakonia')" (Heitink,1993:96).

Volgens 1 Korintiërs 12-14 word die gemeente as die liggaam van Christus beskryf. 'n Beeld word ons voorgehou van 'n charismatiese gemeenskap met 'n verskeidenheid van gawes. Dit is 'n demokratiese gemeenskap waarin elke lid, elke gelowige deel van is. Met hierdie gawes en talente, wat aan die lid toevertrou is, moet gewerk word in die koninkryk sodat aan die Heer by sy terugkeer verantwoording gedoen kan word soos in die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30). God werk bemiddelend deur mense. "De mens wordt als mens door God in dienst genemen" (Van Ruler, 1971:22). Dit dui op die verantwoordelikheidsgraad en moeilikheidsgraad van pastorale werk. Daarom is dit 'n genadegawe binne die charismatiese gemeente (Heitink,1993:296). Die Bybel noem die genadegawe 'n diens, nie 'n amp nie. Die Reformasie spreek van ampte. Volgens Berkhof is die kern van die amp, verteenwoordiging. Ridderbos sê: "het ambt is uit Christus en door de gemeente" (1996:534). Die amp is nie langer 'n verhewe amp nie, maar staan in die geloofsgemeenskap van die gemeente. Kerklike ampsdraers word gesien as verteenwoordigers van Jesus Christus om sy boodskap van versoening in die gemeenskap te bring. Die "pastorale beroep" kry sy gesag binne die kerk. Roeping is nie alleen 'n persoonlike saak nie, die christelike gemeente moet ook roep (1 Kor. 14:29 en Hand. 6:5).

## 2.4 PASTORAAT IS 'N GESPESIALISEERDE KERKLIKE HANDELING IN DIE PRAKTYK.

Die differensiasie tussen kerk en samelewing het in die jongste tyd die pastorale beroep laat spesialiseer. Pastores wat werk in inrigtings of gevangenisse ontleen hul gesag aan die kerk en hul professionaliteit aan die instelling waarvoor hulle werk. Dit gaan om volmag en bekwaamheid in die gedifferensieërde pastorale beroepe. Die pastorale beroep is in ons tyd ook 'n professie. Siegers en Haan (1983:46) omskryf professionalisering as "het proces waardoor bepaalde (maatschappelijk belangrijke)

werkzaamheden zich gaan verdichten tot een maatschaplijke functie."

'n Pastor is 'n hermeneut. Hy verstaan die werklikheid van die mens en wêreld in die lig van die Skrif en die tradisie. Heitink (1993:302) maak voorsiening vir spesialisasie en professionaliteit in lyn met 'n sekere kundigheid van die pastores. Met 'n voltooide teologiese opleiding kan spesialisering in pastorale sorg verantwoord word. Dit verg egter post-akademiese studie, praktiese opleiding en ervaring. Die pastor moet 'n beroepsgelowige wees. Die pastorale beroep vereis persoonlike geloofsverdieping om sodoende nie afbreuk te doen aan die gemagtigde handelingsveld van die pastoraat binne die praktiese teologie nie.

Pastoraat is 'n amptelike kerklike handeling aan die gelowiges. Die pastor word opgeroep om in sy pastoraat die gelowige herderlik te versorg. Pastorale versorging is wesenlik deel van sy ampswerk. Hierdie aspek onderstreep dan ook die relevansie van hierdie navorsing. Die amp funksioneer in die lewe van die gemeente om 'n bydrae te lewer tot opbou van die gemeente. Alhoewel die kerklike ampte gelykwaardig is, (d.w.s die een nie hoër of belangriker geag kan word as die ander nie) is die ampte nie gelyk nie. Die pastorale beroep is 'n gespesialiseerde beroep in die kerklike praktyk. Dit kom duidelik na vore in die onderskeid wat Heitink tref tussen "het kerklike karakter, het professionele karakter en het persoonlijke karakter van het pastorale beroep" (1993:293). Daar moet egter 'n relasie bly bestaan tussen die kerklike amp en die persoonlike deskundigheid van die pastor. Hy moet verteenwoordiger van sy kerk wees in 'n meer en meer gesekulariseerde samelewing. In die post moderne samelewing waar kerk en geloof hul vanselfsprekendheid verloor het en die amp en tradisie nie meer voorop staan nie, is dit baie moeiliker om die eie identiteit van die pastor te behou.

Van de Spijker (1984:18) maak onderskeid tussen die twee betekenisse van die begrip competent; gemagtig en bekwaam. "Pastorale competentie bestaat dus uit zowel een 'gemachtigheid zijn tot' als een 'verstand hebben van.' Op grond hiervan kunnen binnen de pastoraaltheologie een drietal invalshoeken worden onderscheiden, die van het kerkelijk karakter, het professioneel karakter en het persoonlijk karakter van het

pastorale beroep" (Heitink, 1993:295).

Die werk of diens (diakonia) van die pastor is gegrond op die charismatiese gemeenskap van die gelowiges (die kerk) en is dus ook 'n genadegawe om namens Christus mee te werk in die opbou van die liggaam van Christus en elke lid afsonderlik. In ons tyd is die pastor ampshalwe aan die kerk verbonde, maar in die professionele uitoefening van sy pastorale beroep, meermale aan 'n instansie buite die kerk (soos 'n inrigting, hospitaal of gevangenis) verbonde. Die kerk sal hom dus moet vergewis van hierdie stand van sake om nie later uit te vind dat pastoraat alleen maar net as losstaande professie beoefen word nie. Ons beskou egter pastoraat as 'n amptelike, kerklike handeling aan die gelowiges waaroor die kerk ook moet toesig hou om so die eenheid van die liggaam van Christus (die gemeente) en die gelykwaardigheid van die ampte te behou. Ons laat ook ruimte vir die deskundigheid en professionaliteit van die gespesialiseerde berader in die praktyk, sowel binne as buite die gemeente.

## 2.5 DIE TAAK WAT VERVUL MOET WORD.

'n Opgeleide pastor beskik oor hermeneutiese deskundigheid. Hy ondersoek die werklikheid van mens en wêreld in die lig van die Skrif. So benader hy die onderskeie handelingsvelde in die pastoraat. Die taak wat die pastor moet vervul, is sorg aan die liggaam van Christus in geheel en ook aan elke lid afsonderlik. Dit word gedoen deur die bring van die Woord na die mens in die praktyk. Die evangelie van bevryding word bedien om die verlore en afgedwaalde skaap op te soek en terug te lei. Wie deur sware sondes tot 'n val gekom het, moet opgehelp word, weer tot bekering kom en tot lewensverbetering aangespreek word. Wie siek en swak is, moet genees en bekragtig word. Wie bedroef is moet vertroos word. Wie twyfel moet uit die Woord verseker en versterk word. Wie moedeloos geword het, moet opnuut bemoedig word. Pastorale versorging omvat talle aspekte van die geloofslewe omdat dit 'n belangrike taak is wat vervul moet word in diens van die Here. Ons lees in Lukas 15:4-6: "Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle verloor, laat nie die nege en negentig in die woestyn staan en gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit kry nie? En as hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers. En as hy by die huis kom, roep hy

sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was." In 1 Timotius 2:3-4 lees ons: "Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom."

"Men zou hier aan kunnen toevoegen dat het pastoraal handelen, dat zich afspeelt in het raam van de 'Praxis Gottes,' zich voltrekt in een wisselwerking tussen 'de tekst van de Bijbel' en 'de mens als tekst" (Heitink, 1984:22). 'n Voorbeeld hiervan kry ons in die Bybel (Luk. 24:13 e.v.) waar die Emmausgangers 'n nuwe ervaring opdoen. Hul situasie en belewing van die kruisgebeure word radikaal verander en hulle word bevry van hul totale neerslagtigheid en verwarring. Hulle beleef as sulks die waarde van die evangelie van bevryding op konkrete wyse. Hulle ontmoet die opgestane Jesus persoonlik. Pastoraat doen niks anders as dat die Verlosser Jesus Christus die mens in sy nood en probleme ontmoet nie. Die pastor bring die Woord, die Lewende en opgestane Heiland na diegene wat verdwaal is en verlore. Clinebell (1966:20) sê: "Pastoral counseling is the utilization, by a minister, of a one-to-one or small group relationship to help people handle their problems of living more adequately and grow toward fulfilling their potentialities. This is achieved by helping them reduce their inner blocks which prevent them from relating in need - satisfying ways."

In Johannes 10:1-8 waar Jesus sê: "Ek is die goeie herder," gee die Skrif 'n duidelike grondslag van die sorg wat die pastor vir die kudde moet hê. Die liefdevolle sorg van die Here vir die mens kom tot volle uitdrukking. God neem egter mense in sy diens om in die herderlike versorging van die gelowiges die ontmoeting tussen God en mens te laat plaasvind. Die hele Bybel spreek van die liefde en die sorg van God wat roep tot wederliefde en sorg vir mekaar. Hierdie taak word vervul met die oog op die naderende koninkryk van God. Die gelowige moet tot dan sy of haar lewe bestuur volgens die eise van die Skrif. Waar lewensbestuursvaardighede nie werk nie of onbruikbaar geraak het, moet in die pastorale ontmoeting nuwe lewensbestuursvaardighede ondersoek , gevind en aangeleer word. Die lewe staan nooit stil nie. Juis in ons tyd is daar geweldige omwentelinge. Die kerk en die gelowige moet noodwendig aanpassings maak en die persoonlike (geloofs-) lewe

doeltreffend bestuur. In die opdrag van die Here om eers die koninkryk van God te soek, mag niks, ook nie ontoereikende lewensbestuurspraktyke, in die weg van die gelowige staan nie. Die Goeie Herder wil nie dat een van syne verlore sal gaan nie. Clinebell (1966:14) sê: "The only relevance that really matters is the relevance to the deep needs of persons- relevance to the places in their lives where they hurt and hope, curse and pray, hunger for meaning and thirst for significant relationships. Pastoral care and counselling are valuable instruments by which the church stays relevant to human needs. They are ways of translating the good news into the 'language of relationships,' as Reuel Howe expresses it - a language which allows the minister to communicate a healing message to persons struggling in alienation and despair."

In Johannes 10:10 lees ons dat Jesus gekom het, sodat die gelowiges vir wie Hy sy lewe afgelê het, lewe en oorvloed kan hê. Die gelowige moet bekragtig word om God se bedoeling met die lewe van die gelowige ten volle uit te leef. "The freedom to become all that one has the possibilities of becoming" (Clinebell, 1966:28). Die holistiese benadering van pastorale sorg en die pastorale gesprek, sien die mens as iemand wat inherent 'n rykdom van on-ontdekte en on-ontwikkelde krag, bates en hulpbronne besit. Die psigologie bewys dat die gemiddelde mens slegs 'n klein persentasie van sy werklike potensiaal benut. Dit is so dat die persoon wat nog emosioneel belas is, geestelik siek is en in sy alleenheid worstel met onopgeloste probleme, veel minder van sy werklike potensiaal inspan om sy lewe reg te bestuur. Die uitdaging aan die kerk en pastoraat is om hierdie vermorsing van potensiële suksesvolle menselewens drasties aan te spreek. Die evangelie moet die mens in sy lewensgebeure ontmoet om hom te bevry van onnodige worstelinge sodat hy instaat is om meer van sy Godgegewe potensiaal in te span in die soeke na die koninkryk van God. Die taak wat vervul moet word, word deur Clinebell (1966:31) as volg beskryf: "Pastoral care and counselling seeks to empower growth toward wholeness in all of the six interdependent aspects of a person's life:

- Enliving one's mind.
- Revitalizing one's body.

- Renewing and enriching one's intimate relationships.
- Deepening one's relationship with nature and the biosphere.
- Growth in relation to the significant institutions in one's life.
- Deepening and vitalizing one's relationship with God."

Wat in die pastorale proses moet gebeur, is dat 'n situasie van egte soeke na sin gefasiliteer word. Jesus sê in Matteus 10:10 "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê." Hierdie oorvloed bestaan altyd en alleenlik in relasies. God ontmoet die mens in sy lewe. Hierdie ontmoetingsgebeure vind nie plaas sonder en buite die verhoudinge waarin die mens staan nie. Al die aspekte van ons kerklike bediening het een doel voor oë naamlik bevordering van die "lewe en oorvloed" van die gelowige. Dit is baie duidelik dat 'n veranderende wêreldbeeld nie alleen konsekwensies het vir die mensebeeld nie, maar dat dit ook 'n besliste invloed het op die ontwikkeling van die Godsbeeld. August Comte, Emile Durkheim en Max Weber het baie aandag aan hierdie aspek in hul werk gewy. Praktiese teologie het almeer ontwikkel in 'n empiries gëorienteerde handelingswetenskap, waarby die begrip handelingswetenskap as reël nie slegs funksioneel nie, maar ook krities ingevul word, deur die empirie steeds te verbind met 'n kritiese, d.w.s. normatiewe teorie met betrekking tot die gewenste kerklike funksionering. Die oogmerk in die pastoraat is geloofshulp, lewenshulp en oorwinningshulp. In die naam van die Here word 'n helpende hand uitgereik na die worstelende gelowige. Die pastorale gesprek is 'n effektiewe handeling om die gelowige te help met sy probleme en dan om Skriftuurlik-gefundeerde lewensbestuurstyle aan te leer.

Bucer (1991:62) omskryf die taak wat pastores moet vervul as volg: "Zij, die tot zielzorg en de herdelijke dienst in de kerk aangesteld zijn, moeten onze Here Jezus, de Opperherder en Bisschop van onze zielen, dienen doordat zij Zijn schapen - en dat zijn allen die tot het leven verkoren zijn - zo dienen, dat aan hen alles verricht wordt wat onze Here hen in Zijn Herdersambt beloofd heeft. Dat betekent, dat zij hen het Woord van God moeten verschaffen, waardoor Christus schaapjes, die nog buiten zijn kudden en stal ronddolen er bijgevoed worden. Zij die er al bijgevoegd zijn, moeten zij ook bij de kudde en in de stal houden en, mocht het zo zijn dat zij toch weer weg lopen,

moeten zij hen weer terugbrengen. De schaapjes die bij de kudde blijven moeten zij tegen alle ziekte en gebrek beschermen en hen weer herstellen als zij daar toch door getroffen worden. Zij moeten er dus voor zorgen, dat niets hen in de weg staat om steeds meer in de godzaligheid te groeien." Heitink (1984:15) sê "dat pastoraat goed is voor mensen. Wij zien pastoraat als een vorm van dienstverlening, die niet de kerk maar de sameleving als horizon heeft. Mensen binnen en buiten de sfeer van de christelijke gemeente moge, wanneer zij willen, een beroep doen op een pastor."

Die taak wat vervul moet word is dus 'n opbou en uitbou van die gemeente; die emansipatoriese welsyn van mense tot Gods eer; 'n groei tot volwassenheid in Christus volgens die ideaal van die koninkryk van God. So bou Christus sy gemeente op deur sy Gees wat die ampte, die prediking, pastoraat, kategese en die sakramente (almal kommunikatiewe handelinge) in diens neem vir sy werk. Gelowiges moet die lewenswerklikheid en hul konkrete situasie ken en verstaan om sinvol en effektief hierdie handelinge binne en buite die kerk uit te voer. Pastoraat het ten doel doeltreffende persoonlike lewensbestuur volgens die eise van die Skrif en met 'n eskatologiese perspektief.

Praktiese teologie as teologiese wetenskap se taak is om die gemeente en die gelowiges te dien met die nodige kennis van die eietydse werklikheid. Die pastorale gesprek dra daartoe by dat die gelowiges vaardighede bekom om die eie lewe doeltreffend te bestuur binne hierdie eietydse werklikheid. Kennis van die praktyk of die werklikheid is een kant van die munt. Die ander kant is, hoe praktiseer of bestuur jy die lewe in die werklikheid van die praktyk. Pieterse (1993:19) sê: "'n Praktiese teologie wat digby die werklikheid teoretiseer, kan die evangelie veel relevanter daarin vertolk met die oog op die hoor van God se Woord in ons eie situasie. So 'n vertolking kan die groot doel van die bediening van God se Woord beter dien, naamlik die verandering van mense se lewens en hul leefwêreld tot die beeld en die ideaal van God se komende koninkryk. Want geloofskennis skenk 'n ander kyk op die werklikheid en lei ons tot verwerkliking van die evangelie wat daar in Jesus Christus vir ons opgesluit is."

Praktiese teologie moet digby die werklikheid teoretiseer. Daarom is praktiese teologie ook nie 'n toepassingsteorie of bloot 'n tegniek nie. Die dualisme tussen teorie en tegniek word doelbewus vervang. Die sirkulêre model van heen-en-weer beweeg tussen teorie en praktyk word geïmplimenteer (vgl. Müller 1996:1). Metode en konkrete situasies word nooit geskei nie. 'n Denkraamwerk word gevorm deur kontekstuele ervaringe wat 'n narratiewe vorm aanneem. Vanweë die narratiewe begrip in praktiese teologie, dra dit by tot 'n uitgebreide verstaan van die konsep kommunikatiewe handelinge. ***In die narratiewe benadering gaan dit ook en veral oor God se verhaal en daardie verhaal word eers deur die Heilige Gees vir ons werklik ontvou***. En wat uit die ontvouïng blyk, is dat God inderdaad nie 'n God van afstand is nie, maar van betrokkenheid (Müller 1996:51). Hierdie betrokkenheid voltrek hom in die kommunikatiewe handelinge en in die ontmoeting van God met die mens en die mens met God. Dit is 'n ervaring wat baie pastorale beraders al beleef het. 'n Pneumatalogiese onderbou word gekies omdat van 'n eko-hermeneutiese paradigma uitgegaan word en wat in die model van narratiewe betrokkenheid uitmond. Deur 'n pneumatiese uitgangspunt word ons gehelp tot 'n meer werklikheidsnabye teologie (Heitink, 1994:520).

Die pastorale gesprek dra by tot die verkryging van Skriftuurlik-verantwoorde lewensbestuursvaardighede in die lewe van die gelowiges. Die pastorale gesprek is 'n individuele kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Namens Christus word meegewerk in die opbou van die liggaam van Christus (die gemeente) en elke lid afsonderlik (die gelowige). Die werk wat daar verrig word is om aan die gemeente van Christus as geheel en aan elke lid afsonderlik versorging en bediening te laat plaasvind ter verbetering van sy persoonlike lewensbestuur.

> Bucer (1991:62) noem die vyf belangrike take van versorging: "In die eerste plaats, dat zij hen bij Christus onze Here en Zijn gemeente brengen, die hetzij door vleselijke hoogmoed, hetzij door valse godsdienst daar nog van vervreemd zijn. Ten tweede hen weer terugbrengen, die nadat zij tot Christus en Zijn kerk gebracht waren, door vleselijke bezigheden of valse leer daar weer van afdwaalden. Ten derde, dat zij hen die in de kerk van Christus blijven maar toch

> in zware zonden gevallen zijn, weer tot bekering en levensverbetering brengen. Ten vierde, dat zij hen die volharden in de gemeenschap met Christus, zich niet uitzonderlijk te buiten gaan, maar toch in het Christelijke leven nog wel zwak en ziek zijn, weer krachtig en gezond maken, opdat zij goed christelijk kunnen leven. Ten vijfde, dat zij hen, die bij de kudde en de stal van Christus blijven, geen grote zonden doen, ook niet slap en ziek zijn in het christelijke leven, tegen alle ergernis en afval beschermen en hen steeds tot alle goeds aansporen. Deze vijf opgaven van de zielzorg en het herderlijk werk heeft de Here mooi samengevat in de gelijkenis over het weiden der schapen, zoals Hij in Ezech. 34 zegt: "De verlorene zal Ik zoeken en de afgedwaalde terughalen; de gewonde sal Ik verbinden en de ziek versterken, en wat vet en krachtig is zal Ik weiden zoals het behoort."

Dit is nodig om kortliks aan te dui wat die onderskeid is tussen pastorale sorg en die pastorale gesprek.

Tieleman, (1993:13-15) se hantering van bepaalde paradigmatiese verskuiwinge wat in die pastorale teorievorming plaasgevind het, dui aan dat die eerste verskuiwing van 'n kerugmatiese na 'n deelnemende pastoraat was en die tweede van 'n terapeutiese na 'n hermeneutiese pastoraat. Die hermeneutiese pastoraat is op soek na 'n rekonstruksie van die lewensverhaal. Hermeneutiek word verstaan as die wetenskaplike handeling van interpretasie. Firet, (1974:126) is van mening dat as enige pastorale optrede nie hermeneuties van aard is nie, dit hoegenaamd nie kwalifiseer vir die beskrywing "pastoraal" nie. In die pastorale gesprek moet agter verskillende interpreteringsaktiwiteite inbeweeg word en die grondhandeling van verstaan blootgelê word. Müller, (1996:14) sê: "Ware verstaan met die oog op die soeke na sin kan na my mening alleen vanuit 'n ekosistemiese perspektief benader word. Ons lewe het sin wanneer dit as deel van 'n breër betekenisgeheel ervaar word (Burms & De Dijn, 1986:1). Die bevordering van 'n egte soeke na sin, is na my mening die doel van die pastoraat. Die pastor is nie geroep om iemand te help om sin te vind, of sin te gee nie. Dit is immers onmoontlik. Wat in die pastorale proses moet gebeur, is dat 'n situasie van egte soeke na sin gefasiliteer word."

Hierdie studie wil deur die verbetering van verantwoorde lewensbestuursvaardighede by die pastorant aantoon dat die pastorale gesprek bydra tot die egte soeke na sin in die lewe van die gelowige. Die eko-hermeneutiese paradigma vra na die verstaan van die konsep in die geheel. 'n Eko-hermeneutiese paradigma lei tot 'n model van narratiewe betrokkenheid. Pastoraat wat vanuit 'n eko-hermeneutiese paradigma gedoen word, loop uit in 'n pastoraat van betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is (vgl. Müller, 1996:15). Die pastor en die pastorant moet tydens die pastorale gesprek vra na die werklike interpretasie en die persoonlike ervaring van die lewensgebeurtenis.

Pastorale sorg is die breë, inklusiewe bediening van "mutual healing" en groei in die gemeenskap van gelowiges en in die samelewing.

Pastorale beraad is 'n dimensie van pastorale sorg om die ervaring en interpretasie van die pastorant binne die raamwerk van die werklikheidsgebeure te plaas.

Die identiteitskriterium van die praktiese teologie is die sistematiese aandag aan kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Praktiese teologie as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, staan in diens van die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens binne die huidige geloofspraktyk. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie geskied as gebeure. Daar vind in die praktyk van die lewe gebeure plaas tussen God en mens en mense onderling. In die praktyk van die lewe kom God om die mens te ontmoet deur sy Woord en Gees. In wat met die mens gebeur, sowel in die verlede as in die hede (en ook in die toekoms), het God 'n antwoord, 'n boodskap, 'n verklaring ***en 'n oplossing***. In pastorale beraad word hierna gesoek. Die lewensverhaal word vertel. Saam word gesoek na die sin van die gebeure. Sin kan alleen gevind word as die verhaal vertellend gerekonstrueer word. Die soeke na sin bring die pastor en die pastorant by die kern van die verhaal. Wat tot dusver vir die pastorant onverklaarbaar en gevolglik onverstaanbaar was, word vertellend meer verklaarbaar en gevolglik meer verstaanbaar. 'n Egte soeke na sin word in pastorale beraad gefasiliteer. Die lig van die evangelie van bevryding val oor die gebeure en 'n nuwe interpretasie word daaraan

gegee (vgl. Müller, 1996:14). Pastorale sorg word juis gedoen in die lig van die Skrif en onder leiding van die Heilige Gees. Die sondaar mens kan nie altyd met die nodige insig verklaar, waarom dinge met hom gebeur het soos dit gebeur het nie. Hy kom na die pastor om in hierdie verband hulp te soek. Die hulp wat gesoek word, kan alleen gegee word as die verhaal vertel word, die gebeure gerekonstrueer word, 'n nuwe interpretasie daaraan verleen word en toepaslike lewensbestuursvaardighede geidentifiseer word. Dit vind plaas onder leiding van die Heilige Gees wat by die destydse gebeure in die lewe van die mens teenwoordig was. Onverklaarbare dinge word met die lig van die Bybel, onder leiding van die Heilige Gees verklaar. Gebeure word vertellend gerekonstrueer, herinterpreteer en uiteindelik sinvol verklaar. Saam word gesoek na die sin van gebeure. Dan is die pastorale taak behoorlik uitgevoer en sal die pastorant werklik in staat wees om sy persoonlike lewe behoorlik te bestuur.

Langs die weg van behoorlike pastorale versorging word al die lidmate op korrekte wyse (volgens Efesiërs 4:11-16) in Christus aan mekaar verbind en opgebou om só sy ware liggaam te wees. So ontstaan die ware Christelike gemeenskap waar die koninkryk van Christus op egte wyse onder ons aanwesig is en waar die Here self ons tot aan die voleinding van die wêreld, regeer en lei. Niemand mag aan siel of liggaam gebrek ly nie. Die verlore skaap moet gesoek en gevind word; die verjaagde moet weer teruggebring word; die gewonde moet genees word; die sieke versterk en die gesonde beskerm en gewei word. Dit is die werk van Christus aan al sy uitverkorenes. Hulle moet in volle gemeenskap met Hom lewe en in volle gehoorsaamheid aan sy evangelie van bevryding. "En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag" (Joh. 6:39). Alleen só kan die gelowige ook sy lewe in die post moderne samelewing sinvol bestuur en dus 'n sinvolle bydrae maak tot die samelewing waarin hy vandag lewe.

In die veranderende en veranderde lewensomstandighede vandag, kan elke gelowige beskerm word teen die verderflike ongehoorsaamheid en gesekulariseerdheid van die post moderne samelewing. Praktiese teologie werk met 'n normatief-eskatologiese perspektief op die koninkryk van God. Die oog van die pastor is gerig op die aktuele

en lewende hoor van die Woord van die Here in ons geloofskommunikasie met Hom, met mekaar en met ander in die breër samelewing (vgl. Burger, 1991:14). Die komplekse pluralistiese en uiters moeilike situasie in Suid-Afrika, stel groot uitdagings aan die gelowige en die kerk. Hierdie praxis van geloofshandelinge in so 'n snel veranderende en komplekse situasie, stel op sy beurt weer groot uitdagings aan die praktiese teologie. Want praktiese teologie bestudeer hierdie geloofshandelinge krities met die doel om 'n bydrae te lewer tot verbetering daarvan (vgl. Claessens en Van Tillo, 1990:32). Die Bybel is deurtrek van die liefde en die sorg van die Here, wat roep tot wederliefde en sorg vir mekaar. Dit kom duidelik tot uitdrukking in wat Firet noem "de parakletische formule" by Paulus (Firet, 1974:95). Die Bybel gaan uit van die gedagte dat die mens sy broer se wagter is (Gen. 4:9) en dat 'n vader hom ontferm oor sy kinders (Ps. 103:13). Pastorale sorg is eenvoudig 'n liefdevolle aandag aan mekaar (vgl. Heitink,1984:59), wat sy basis en oorsprong vind in die mens-wees van die mens en verder uitgewerk word in die amptelike weiding van die kudde (Ps. 23) en die amptlike opbou van die liggaam van Christus (Efes. 4). Die sorg en die liefde van die Here moet beantwoord word met wederliefde en met 'n God welbehaaglike lewe. Dit gaan in die lewe van die mens (die gelowige) om "vrug te dra" en "antwoord te gee" op die roepstem van die Here. Jesus se omgang met mense illustreer dit baie duidelik. Sy omgang met Saggeus (Luk. 19:1-10) en die Samaritaanse vrou (Joh. 4:1-42) is voorbeelde. In die gelykenisse vertel Jesus van die soeke na die verlorene (Luk. 15) en die versorgende optrede van die barmhartige samaritaan (Luk. 10:25-37). Behalwe dit, is die Skrif vol van werkwoorde wat dui op die pastorale werk wat gedoen moet word: parakalein, poimainein, episkopein, nouthetein, oikodomein, makrothymein, splangchnizesthai, soizein en therapeuein (vgl. Heitink, 1984:60). God sorg vir die mens in sy lewe en gebeure in die praktyk. Hy neem egter mense in sy diens om die sorg voort te sit, soos alreeds aangetoon is. Pastoraat kommunikeer die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge. Die pastorale gesprek werk aan die uitskakeling van lewensprobleme wat in die weg staan van God se sorg vir sy gelowige. Die pastorale gesprek dra dan as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie daartoe by dat die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede verkry, dit implementeer en uiteindelik goed versorgd lewe.

Pastoraat as hulpverlening omvat volgens Heitink (1984:80) "helen, bijstaan, begeleiden, verzoenen." Sy definisie maak die werk wat gedoen moet word baie duidelik: "onder pastoraat als hulpverlening verstaan wij, dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om - in het licht van het evangelie en in verbondenheid met de gemeente van Christus - met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen" (Heitink, 1984:75). Dit raak hoofsaaklik die predikant, die pastor, want hy is aan die gemeente van Christus amptelik verbonde. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hul lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei en hulle lewens reg bestuur.

Wanneer pastoraat egter breër gesien word, dra die werk wat gedoen moet word 'n meer professionele beroepskarakter. Pastores verbonde aan hospitale, gevangenisse en inrigtings, is nie altyd deur middel van die amp aan 'n besondere gemeente verbonde nie. Die besoldiging en opdrag van sulke pastores is nie per se komende van die kerk (gemeente) nie. Hierdie pastores is voltyds in diens van hul werkgewer en verrig hulle taak ook nie noodwendig aan gelowige lidmate van 'n bepaalde kerk nie. Pastorale sorg lê in hierdie gevalle meer klem op die gemeenskap as op die gemeente. Heitink (1993:299) verwys na die professionele karakter van die pastorale beroep en noem dit "het beroepsmatige." Hy sê: "Pastor is een beroep, dat in onze tijd geconfronteerd is met de noodzaak van professionalisering." Die feit is egter dat wanneer gepraat word van professionele deskundigheid, gepraat word van 'n pastor. Iemand wat basies as teoloog (predikant) opgelei is. In die uitoefening van hierdie beroep, kom tot uitdrukking 'n hermeneutiese deskundigheid. Na my mening kan slegs iemand wat teologiese opleiding as basis het, werklik die werk doen. Binne die kerk is dit ampshalwe die predikant wat ook genoem word die herder en leraar of pastor van die gemeente. As herder, sorg hy vir die gelowiges en verrig hy die pastorale werk sodat God die mens in sy nood kan ontmoet. Wanneer so 'n opgeleide teoloog buite die kerk die professionele beroep beoefen, kan dit alleen geslaagd wees as dit steeds vashou aan die beginsels wat die Skrif stel vir pastorale versorging en die pastorale gesprek. Dit is nie net die kerk nie, maar ook die gemeenskap waarbinne die pastorale beroep beoefen word, wat staan in die teken van die koms van die koninkryk van God. Die kerk en die Woord het immers die blye boodskap van bevryding ook te spreek

teenoor die wêreld en die samelewing. Die gelowiges en die pastor het ook 'n roeping in hulle gemeenskap waarin hulle lewe. Dit skep dus ook 'n geleentheid vir evangelisasie of evangelisering van die gemeenskap. Dus kan daar gekwalifiseerde mense wees wat in die gemeenskap hulle professionele beroep beoefen, sonder dat hulle direk aan die kerk (gemeente) verbonde is. Hierdie nuwe tendens moet ons raaksien en aanvaar, mits pastoraat steeds gegrond is op wat die Skrif sê oor pastorale sorg. Steeds moet die ontmoeting met God in die praktyk van die mens se lewe plaasvind om werklik sinvol die eie lewe te kan praktiseer of te bestuur.

> "People need sound values and meaning to be healthy. Growth toward Spirit-centred wholeness must include growth in life-guiding values and ethical commitments. The epidemic of moral confusion and value distortions in our society is the seedbed within which are bred many of the psychological, psychosomatic, inter-personal and spiritual problems that bring people to counseling and therapy. The wide spread collapse of old authority-centered and institutionally - validated value systems has left millions of people feeling as though they are drifting in mid-ocean in a small boat without a rudder, a compass, or a chart during a storm. Many who seek pastoral help with personal problems are suffering from distorted, immature and vacuous consciences. Often they are unaware of the ethical roots of their pain. In our society, ministers need to develop effective skills as guides to their people on their journey through complex and confusing ethical and value issues" (Clinebell, 1966:138).

In die post-moderne samelewing is daar groot probleme en hoë nood. Veral in Suid-Afrika is gemeenskapsnood hoog op die agenda. Wie moet die ontwortelde en ontnugterde mens van ons tyd bystaan en ondersteun? Die hegte band en die daadwerklike ondersteuning van hegte gesinne en hegte familiebande het grootliks weggeval. Die ondersteuning en bystand wat vroeër ervaar is van familie, vriende en bure wanneer krisisse beleef word, wanneer rousmart ervaar word, wanneer ernstige siekte voorkom, wanneer fisiese nood ontstaan, bestaan eenvoudig nie meer by die verstedelikte mens van vandag nie. Daarom soek die mens hulp by die dokter, die

sielkundige, die terapeut en die pastorale berader. In menige gevalle het eintlik net die pastor oorgebly om die mens te versorg en te ondersteun en te "counsel" in sy oomblik van nood. Die Spreukedigter sê in hoofstuk 11 vers 4: "As daar nie goeie oorleg is nie, val 'n volk; maar in die veelheid van raadgewers is redding." Die Engelse vertaling lui: "Where there is no guidance, a people falls; but in an abundance of **counselors** there is safety."

Die pastorale beroep gryp dus na binne (in die gemeente in) en ook na buite (in die samelewing in). Die werk wat gedoen word is werklik omvangryk en geweldig belangrik. Dit is en bly steeds koninkrykswerk en dit maak hierdie studie nog meer relevant.

> "Pastoral care is a response to the need that everyone has for warmth, nurture, support and caring. This need is heightened during times of personal stress and social chaos. Pastoral counseling is a reparative expression of pastoral care, seeking to bring healing to those who are suffering from cirsis - induced dysfunction and brokenness. Many who seek a pastor's help are not part of any church or other caring community. They are the lonely and alienated in our society whose need for caring is acute. Less obvious, but often no less painful, are the needs of those 'lost within themselves in our own congregations.' Thus a congregation's ministry of care and counseling have both an inreaching and outreaching mission to persons, wherever they may be in need. With indices of personal and social disorganization at an all time high, the need for this ministry has never been greater!" (Clinebell, 1966:46).

Dit is vir my baie duidelik dat die kerk deur pastorale sorg, 'n taak het teenoor die gelowige in sy kerk en in sy samelewing (veral in ons tyd!). Geloofshulp, lewenshulp en oorwinningshulp word aangebied. Egan (1990:5) het daarop gewys dat die worstelende mens, deur die pastorale gesprek in 'n beter posisie geplaas word om sy probleem-situasies te bestuur en om die onbenutte potensiaal en geleenthede van sy lewe, effektief in te span. Pastoraat is 'n amptelike kerklike handeling aan die gelowige en staan in diens van die evangelie, met die oog op die komende koninkryk van God.

Pastorale werk kan egter ook as professie beoefen word in die samelewing sonder dat daar 'n direkte verbondenheid aan die kerk of gemeente is.

Die taak wat vervul moet word is om die mens in nood, te midde van al sy probleme, die opgestane Verlosser, Jesus Christus te laat ontmoet. Hy is die Goeie Herder (Joh. 10) en hierdie uitspraak van Jesus, lê ten grondslag van alle pastorale sorg vir die mens. Die Woord, ja die vleesgeworde Woord word gebring na die mens in die praktyk van die lewe. In die opdrag van die Here om eers die koninkryk van God te soek, mag ontoereikende lewensbestuurspraktyke, hindernisse en onopgeloste probleme, nie in die weg van die gelowige staan nie. Pastorale werk het die emansipatoriese welsyn van mense tot Gods eer in die oog. Die gelowiges vir wie Jesus sy lewe afgelê het, moet lewe en oorvloed hê (Joh. 10:10).

Prakties-teologiese antropologie het te doen met 'n mens met 'n lewensverhaal; 'n mens met 'n verlede, hede en toekoms. Die verlede van die mens word in die hede uitgeleef en is die padkaart vir die toekoms. (Understanding implies more than just knowing. One must understand what he knows).

Ware verstaan vra betrokkenheid en betrokkenheid lei tot ware verstaan. Verstaan is 'n narratiewe of verhalende proses wat eers in 'n gebeurtenis van betrokkenheid op dreef kom. 'n Pastor moet 'n aanvoeling en 'n bewondering hê vir die verhale van die lewe en hy moet veral in vervoering wees oor die verhaal van God met mense in hulle lewensgebeure. Op die vraag wat die sin van die lewe is, antwoord elkeen met 'n opsomming van sy eie lewensloop of lewensverhaal (Müller, 1996:25).

Die sin van die lewe kom uit jou eie lewensverhaal te vertel in die pastorale gesprek na vore. Pastorale betrokkenheid is die fasilitering van 'n betekenisvolle soeke na sin. Sin het te doen met 'n dinamiese, voortgaande rekonstruering van die lewensverhaal op so 'n wyse dat dit sin maak. Maak dit dan nie sin om ander lewensbestuursvaardighede, wat werk en voldoen aan die eise van Skrif, te soek nie? Dit het die pastorale gesprek ten doel. Die pastor se doel is om mense aan "the roads less travelled" voor te stel en dit skep geweldige uitdagings aan die pastoraat vandag

(vgl. Müller, 1996:28).

Verandering vind plaas daar waar narratiewe betrokkenheid ervaar word. Deur die vertel van die verhale wat ter sprake is en die uiteindelike herinterpretasie en rekonstruksie van die kernverhaal, vind verandering plaas. Dit kan egter net binne 'n ruimte van pastorale betokkenheid gefasiliteer word. Verandering vind dus nie plaas deur 'n verandering in gedrag te maak nie, ook nie deur psigoanalisties in die verlede te gaan rond delf, of deur oppervlakkige bekeringsbesluite te neem nie, maar deur 'n grondige herskryf van die lewensverhaal tot in sy kern. Om te verander moet daar 'n omkering plaasvind, 'n herontdekking van potensiaal wat al die tyd daar was, maar tydelik onderdruk en onbenut was (vgl. Müller, 1996:29). Dit is presies wat op die agenda van pastorale beraad verskyn. Saulus het eers Paulus geword, na sy hartgrondige bekering op die Damaskuspad. Thomas moes sy ongeloof in 'n ware geloof in die opgestane Christus omkeer.

Die mens kom in opstand teen sy huidige bestaan en veronderstel dusdoende 'n andersoortige bestaan waarvan hy net droom sonder om daarvan ervaring te hê. 'n Potensieël suksesvolle lewensbestuur word verlang. Die pastorant vra dikwels verander my, sonder dat dit vir my nodig is om te verander. 'n Ander lewensbestuur kan egter kom as die koninkryksperspektief deeglik besef word en in die pastorale gesprek, vertel word waar lewensbestuursvaardighede nie toereikend was nie.

Die genade van 'n verbondsbetrokke God wat ook 'n deelnemer is in pastoraat, moet na vore kom. God het 'n verhaal in die mens se verhaal. Dan eers vind daar ware pastorale ontmoeting plaas. Dit vorm die basis van die pastorale gesprek. Dit lei tot 'n soeke na verantwoorde lewensbestuur met 'n koninkryksperspektief en 'n eskatologiese verwagting, waar die mens volmaak voorgestel sal word (Joh. 17:23) en waar God alles in almal sal wees (1 Kor. 15:28).

## 2.6 GOD KOM TOT DIE GELOWIGE IN SY WÊRELD DEUR DIE BEMIDDELENDE PASTORALE HANDELING VAN MENSE WAT DEUR DIE HEILIGE GEES IN SY WERK INGESKAKEL IS.

Hierdie studie is daarop ingestel om die huidige werklikheid van gelowiges se geloofsverstaan en geloofshandelinge empiries-wetenskaplik te help vasstel. Dit gaan om die kommunikasie van die evangelie in verskillende lewenssituasies waarby veral die pastorale gesprek bydra om verantwoorde lewensbestuursvaardighede te bekom, met die oog op die naderende koninkryk van God.

Wat ter sprake is, is die sin van ons handelinge. Reeds is gesê dat ons handelinge 'n aktiewe deelname is aan die handelinge van God in die kommunikasie van die evangelie. Dit maak al ons pastorale handelinge en ons pastoraat sinvol. As ons vra na die verhouding tussen die handelinge van God en die handelinge van mense in diens van die evangelie (vgl. Firet, 1977:159), is die sleutel tot die antwoord op die vraag, geleë in die werk van die Heilige Gees.

Die verhouding tussen christologie en pneumatologie in ons nadenke oor die realisering en effektuering van God se heil aan mense in hul wêreld, is 'n belangrike aspek van praktiese teologie (vgl. Pieterse en Vos, 1991:8-12). Onderskeid word gemaak tussen die ***Gees as gawe aan Jesus*** en die ***Gees as gawe van Christus***. Die pneumatiese handeling tydens die verwekking van Jesus staan in diens van Christus (Matt. 1:18-25). Dwarsdeur die Messiaanse optrede van Jesus, bly die Heilige Gees by Hom totdat die Heilige Gees Jesus tot lewe wek deur die opstanding uit die dood te bewerk. Dit is die Gees as gawe aan Jesus. Onder die Gees as gawe van Christus verstaan ons dat na die hemelvaart van Jesus, die heil van Christus aan mense, deur die Heilige Gees bewerk word. In die werk van die Heilige Gees waardeur die heil in mense se lewens toegepas word via die kommunikasie van die evangelie, het ons met die praxis van God te doen (vgl. Joh. 15:26: Joh. 14:26; Joh. 16:13-15; Joh. 14:16). In die Gees het ons dus met God self te make. Daarom kan Firet, (1977:156) sê: "Die kerk weet in de Heilige Geest met God 'persoonlik' te doen te hebben, tot wie de mens in relatie staat van persoon tot persoon."

Praktiese teologie as handelingswetenskap word verstaan in die kom van God tot die post moderne gelowige in sy wêreld, waarin die praxis van God en die werklikheid gesien word. Deur middel van die pastorale optrede van mense (soos veral in die

pastorale gesprek) spreek God self deur sy Woord en sy Gees tot die worstelende mens. Die mens is geroep om sy lewe só te bestuur dat niks in die weg sal staan om die koninkryksdoel te bereik nie. Vir hierdie ideaal werk God bemiddellend deur die pastorale handelinge van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel word. Jesus het sy lewe afgelê vir die skape (Johannes 10:11). Hy gee aan hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit sy hand ruk nie (Joh. 10:28). Nou leef ons in die tyd na die hemelvaart van Christus. Ons leef in die tyd van die Heilige Gees. Jesus sê: "Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel; van sonde omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is" (Joh. 16:7-11). In die hoëpriesterlike gebed van Jesus, bid Hy vir sy gelowiges: "En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in U naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos ons. Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in U Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word" (Joh. 17:11-12).

Deur die pastorale optrede van mense, spreek God self deur sy Woord en sy Gees tot die gelowige. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie geskied in die werklikheid van die leefwêreld van die gelowige. Vanuit die werklikheid en die praxis van God, word die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie verstaan. God openbaar Hom as die lewende en sprekende God. Die hoogtepunt van God se openbaring is die versoeningswerk van Jesus Christus. Die Heilige Gees vertolk die Skrif en die openbaring van God. God is vandag lewend en sprekend by die mens teenwoordig deur sy Woord en Gees. God neem vertolkers in diens sodat God spreek in ons midde. Só kom die vertolkers in die kragveld van die Heilige Gees te staan. Die Gees spreek egter die taal van die Skrif. Daarom lei die Gees die vertolker en die hoorder volgens God se belofteWoord. Deur die werk van die Heilige Gees ontvang

die mens verlossing deurdat die geloof in Christus in die mens gewek word. Deur die werk van die Gees vind die mens sy herstelde humanum (Louw, 1989:14). Gelowiges moet die lewenswerklikheid en hul konkrete situasie ken en verstaan om sinvol en effektief hul handelinge binne en buite die kerk uit te voer. Dit impliseer 'n roepingsbewuste lewensbestuursverantwoordelikheid by die gelowige. Die Heilige Gees as Trooster vertolk die Woord van God in die praktyk van die lewe van die gelowige in die tyd na die hemelvaart van Christus. So kom God die mens ontmoet in sy wêreld en daaglikse worsteling. Ware verstaan vra betrokkenheid en betrokkenheid lei tot verstaan. Hier staan die pastorale gesprek in as werksmetode van die Heilige Gees. "De wijze van werken van die Heilige Geest is juist, dat Hij aan mensen bevoegdheid en kracht geeft als mens God te dienen in zijn komen. De Geest maakt het met bewustheid en overleg optreden niet overbodig, Hij maakt dat mogelijk, doordat Hij daartoe de mens de vrijheid en verantwoordelijkheid geeft" (Firet,1977:175).

## 2.7 DIE HEILIGE GEES AS TROOSTER EN PASTOR.

In Johannes 14:16-17 lees ons: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid; die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees." In die voorafgaande hoofstukke is aangetoon dat die Bybel genoeg gegewens openbaar oor die sorgsaamheid van Jesus en sy dissipels aan die gelowiges. Nou leef ons in die tyd van die Heilige Gees. Hy het gekom as soortgelyke "Versorger" en as Trooster van die gelowiges, as Jesus en sy dissipels. Daarom moet ons kennis neem van die lewendmakende en heiligmakende werk van die Heilige Gees. Ons lees in 1 Petrus 1:15-16: "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig." Sy werk en sy natuur is heilig. Die gelowige se roeping is om die koninkryk van God te soek. Hierdie doel het die gelowige altyd voor oë en daarom moet hy sy lewe dienooreenkomstig bestuur. Paulus skrywe aan die Tessalonisense "En mag Hy, die God van vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Hy wat julle roep is getrou; Hy sal dit ook

doen" (1 Tes. 5:23-24).

Pastorale werk het te doen met die vrugte van die Heilige Gees as fundamentele doelstellings in die groei en ontwikkeling van die gelowiges. Galasiërs 5:22-23 noem die vrugte van Gees op, "liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." Al hierdie dinge word genoem die vrugte van die Heilige Gees. In die ontmoeting van God met die mens, bewerk die Heilige Gees hierdie dinge in ons. Die vrugte van die Heilige Gees sien God in ons as die resultaat van die werk van die Heilige Gees. Dit is baie belangrik dat pastorale werkers dit weet en altyd in gedagte hou, dat die Heilige Gees die enigste bron van werklike verandering in menselewens is. Hy alleen bring lewe in dooie sondaarsharte. Volgens Galasiërs 3:5 is dit God wat die Gees verleen en wat kragte onder die mense werk. In Handelinge 2 vers 33 en vers 38 lees ons: "Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor." En Petrus sê vir hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang." Die Skrif openbaar aan ons al die gegewens wat ons nodig het om pastorale werk te verstaan en dit toe te pas deur andere te help om hulle lewens reg te bestuur. 2 Korintiërs 3:17-18 bevestig dit: "Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met ontsluierde gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is."

Verandering is die werk van die Heilige Gees. In die kommunikatiewe pastorale handelinge word die verandering bewerkstellig. Waar God die mens ontmoet en die mens God ontmoet, vind die verandering werklik plaas. Müller (1996:33 e.v.) sê: "In die pastorale proses is daar dus 'n deelname deur alle betrokkenes en saam word daar 'n nuwe realiteit gekonstrueer. Gesin én terapeut is betrokke by mekaar in die konstrueer van 'n nuwe werklikheid. Daarom dat 'n mens die pastorale situasie in die eerste plek as 'n verhouding moet evalueer. Êrens aan die hart van dit waarmee ons besig is, lê nie die model en metodes wat ons gebruik nie, maar die verhouding wat

ons skep met die betrokkenes, en dit bepaal die aard van die nuwe realiteit wat gekonstrueer word." Die pastor kan alleen help indien daar sprake is van 'n empatiesbetrokke verhouding. Dan kan daar verandering kom. Hierdie verandering vind slegs plaas onder leiding van die Heilige Gees in die kommunikatiewe handelinge van die mens. Pieterse (1993:139) sê dat dit gaan "om die praxis van God wat deur die Gees geskied, maar waartoe die Gees mense gebruik om die evangelie te kommunikeer, en hierdie mense (alle gelowiges) deur hul vermoëns, persoonlikhede, redelikheid, kommunikasievaardighede en handelingskompetensie in vryheid en selfstandigheid optree in die geloof dat die Gees hul werk in diens neem. Ons gaan dus uit van die siening dat die Gees ruimte skep vir 'n teonome wederkerigheid waarbinne die mens 'n kreatiewe vryheid ontvang" (Van Ruler,1969:181).

Die Heilige Gees het gekom as Trooster. Die versorgingswerk wat by Jesus begin het en deur sy dissipels namens Hom voortgesit is, word nou in ons tyd deur die Heilige Gees tot werklikheid gebring. God kom dus steeds tot die mens in die werklikheid van sy lewe, maar nou deur die Heilige Gees. Hy as Trooster bly by ons en in ons, volgens Johannes 14:17. Hy is ons Trooster en ons Pastor na die hemelvaart van Christus en tot by sy wederkoms.

Die Heilige Gees neem mense in sy diens om sy heiligmakende en lewendmakende werk te doen (1 Petr. 1:15-16). In die sendingopdrag van Jesus, het Hy sy dissipels beveel om te wag op die uitstorting van die Heilige Gees, voordat sy werk voortgesit word (Hand. 1:4 en Hand. 2:1-13). Pastorale werk word dus nou gedoen omdat die Heilige Gees gekom het en ook aan pastores die krag gee om die gelowiges te versorg. Deur die pastorale handelinge van mense wat deur die Heilige Gees by sy werk ingeskakel is, kom God tot die mens in sy worstelstryd. Pastorale sorg moet dus uitgeoefen word in harmonie met die werk van die Heilige Gees. Geen mens kan suksesvol lewe en die vrugte van Gees vertoon, sonder die Heilige Gees nie. Geen mens kan sy lewe innerlik verander sonder die inwerking van die Heilige Gees nie. Blywende verandering in die lewe van die mens vind alleen plaas deur die werk van die Heilige Gees. Pastorale werk het juis sodanige veranderinge in die mens se lewe op oog (Efesiërs 1:13-14). Pastoraat as professionele versorging is 'n beplande

intrede in die lewe van mense wat hulle lewe nie bestuur met die oog op die koninkryk van God wat kom nie. In sulke lewens móét daar verandering kom.

Verandering is ook 'n narratiewe saak. Verandering vind plaas daar waar narratiewe betrokkenheid ervaar word (vgl. Müller, 1996:29). Deur die vertel van die verhale wat ter sprake is en die uiteindelike herinterpretasie en rekonstruksie van die kernverhaal, vind verandering plaas. Verandering vind nie plaas deurdat die mens 'n paar gedragsskuiwe in sy lewe maak nie, of psigioanalities in sy verlede delf nie, of deur oppervlakkige bekeringsbesluite te neem nie, maar deur 'n grondige herskryf van die lewensverhaal tot in sy kern (vgl. Müller, 1996:29). Die Heilige Gees is in die lewensverhaal teenwoordig; ook in die ervaring en interpretering van dit wat met die mens gebeur en só vind werklike verandering plaas. Die pastorale gesprek dien om verheldering te bring, insig te verkry en probleme doeltreffend op te los.

Die Heilige Gees is 'n Persoon, nie 'n krag nie. Hy werk in volkome ooreenstemming en in harmonie met God se geopenbaarde wil. Bediening van die Woord en pastorale sorg aan die gelowige, berus nie by die herder en leraar nie, maar by die Heilige Gees. Herders en leraars staan slegs in diens van die Heilige Gees. 2 Timotius 3:16-17 sê: "Die hele Skrif is deur God ingegee (geïnspireer) en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot die teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." Pastoraat staan slegs in diens van die Heilige Gees. Deur sy werk heen sit Hy ons aan die werk. Ons diens met al sy skakeringe word 'n pastoraat in aksie tot versorging, heil en bevryding.

Om te soek na die koninkryk van God deur Jesus Christus, is die primêre doel van die gelowige. Om dit te kan doen en dus die lewe sodanig reg te bestuur, is alleen moontlik deur die werk van die Heilige Gees (Joh. 16:17). Die Heilige Gees maak die gelowige volkome toegerus vir elke goeie werk (1 Tim. 3:17). In Galasiërs 5:18 staan: "Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie." Daarom is al die pastorale werk wat gedoen word, onderhewig en ondergeskik aan die werk van die Heilige Gees. "En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die

Heilige Gees" (Rom. 15:13). Paulus staan in diens van die evangelie van Christus en word betrek of in diens geneem by die heiligmakende en lewendmakende werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is ons Trooster en Pastor en in sy werk, kom God tot die gelowige in sy wêreld en konkrete gebeure. God het in Christus ingegryp om die loop van die wêreld te verander en sy kinders te verlos en te behou vir die koninkryk. God gryp nou in die lewe van die gelowiges in deur die werk van die Heilige Gees om menselewens te verander met die oog op die koms van sy koninkryk. Ons leer in die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30) dat die handelende God, mense vertrou en in sy diens neem om namens Hom handelend op te tree. **In pastoraat is die Trooster, die groot Pastor teenwoordig *en* omdat Hy daar *is*, vind daar verandering in mense se lewens plaas**. Die Heilige Gees is teenwoordig in elke pastorale gesprek. Daar kom bevryding van probleme sodat die gelowige weer op die weg van die koninkryk geplaas word en sy lewe dienooreenkomstig sinvol bestuur.

De Jongh van Arkel (1987:5) sê: "Practical Theology as a theological subject goes beyond the narrow definition of christian theology as the study of the revelation of God in Jesus Christ" (König, 1982:17). "Not only the ***knowledge*** of God but also the ***knowing*** is within the scope of Practical Theology" (Pieterse, 1986:2). "It is this dynamic process of the communication of faith and of believing in which we are interested. It is not only the actions of humans which are at stake, but the action of God, who, by the way of official ministry as intermediary, comes to people in His word" (Firet, 1986:15). Die groot dade van God in sy kom na die mens moet raakgesien en verstaan word. Die gelowige moet dit daadwerklik beleef dat die groot Pastor en ons Trooster besig is om innerlike veranderinge in sy lewe te bring deur 'n rekonstruksie en herinterpretasie van die lewensgebeure. Pastorale sorg en veral die pastorale gesprek moet hiervan deeglik kennis neem. Daar is geen pastoraat sonder die Heilige Gees moontlik nie. In die vertel van die verhaal oor die verhaal van die mens, is die Heilige Gees teenwoordig. Só ontmoet die mens God in die narratiewe aspek van die pastoraat. Só ontvou die sin van die lewe voor die mens wat sy verhaal onder leiding van die Heilige Gees vertel (vgl. Müller, 1996:26 e.v.).

Die pastorale gesprek neem die pastor in die probleme en interpersoonlike spanninge

van die mens in. Daar word 'n diagnose gedoen. Op professionele wyse word vasgestel wat in die weg staan van sy verantwoorde selfbestuur van die lewe. Die lig van die evangelie val oor wat gediagnoseer word omdat dit rigtinggewend is vir die lewe van die gelowige. Die Woord en die Gees werk in menseharte tot berou, bekering, inkeer, verandering en 'n lewe voortaan met die Skrif as norm en die Heilige Gees as Trooster en Pastor en begeleier. Daarom is die handelinge van mense (pastores) ondergeskik aan die handelinge van die Heilige Gees. God kom in die handelinge van mense tot die mens wat worstel in sy nood; wat gebeurtenisse as onaanvaarbaar ervaar en ook 'n moeilike interpretasie van die lewensgebeure ondervind. Die gelowige moet die lewe op sinvolle wyse ervaar om te verseker dat hy sy lewe doeltreffend bestuur.

> Kenneth Leech verklaar: "Max Thurian's definition is a useful starting point. 'Spiritual direction or the cure of souls, is a seeking after the leading of the Holy Spirit in a given psychological and spiritual situation.' Here the stress is on seeking, and the seeking is mutual. The director, and he who is being directed, are both seekers: they are both part of a spiritual direction, a current of spirituality, a divine-human process of relationship. 'Spirituality' and 'Spiritual life' are not religious departments, walled-off areas of life. Rather the spiritual life is the life of the whole person directed towards God. A spiritual guide is thus the encounter with God, the process by which the human community and the individual human are made one with the divine. The shepherd is involved with the flock and this social dimension of spirituality is of crucial importance. The Christian is not seeking a solitary walk with God, a private mystical trip, a flight of the alone to the Alone. He is involved in a corporate search for humanity, renewal, the Kingdom of God, the transformed cosmos, the body of Christ .... the great masters of the spiritual life in almost all traditions are one in warning of the dangers of the spiritual ego - trip, the search for enlightenment which ignores .... the human community, the demands of justice and peace" (Clinebell, 1966:114).

Die werk van die Heilige Gees in die verandering van mense se lewens is die basis van

ons pastoraat. William A Barry verklaar onomwonde: "Spiritual direction is a form of pastoral counselling, indeed a form that should be the core from which all other forms of pastoral counselling radiate" (1977:4). Hy sê: "People will expect that pastoral counsellors will be able to help them not only with their marital problems, their vocational questions, and their grief but also, most especially, with their search for meaning, their search for God. The heart of pastoral care and counselling for people in our times, therefore, may be to help them find their rock, help to hear the rumour of angels and to decide in faith whether the rumour is of angels or not, help to centre their lives in the mystery we call God. If pastoral counsellors cannot offer such help, their clients may ultimately feel they have been offered a stone instead of bread."

Die geestelike leiding wat die pastor in sy pastorale versorging en pastorale gesprek gee, is begrond in die teenwoordigheid en die werking van die Heilige Gees. Aangesien geestelike groei die uiteindelike doel van pastorale sorg en die pastorale gesprek is, moet die innerlike verandering wat in die mens plaasvind, deur die Heilige Gees gedoen word. Hy is ons Trooster en ons Pastor wat die gevalle mens weer die vrugte van die Heilige Gees laat vertoon. Jesus het in sy hoëpriesterlike gebed gebid dat hulle bewaar word "wat U my gegee het, sodat hulle een kan wees net soos ons" (Joh. 17:11). Die Heilige Gees neem mense in sy diens omdat die Trooster in die gelowiges teenwoordig wil wees (Joh. 14:16). Die Heilige Gees woon in die mens en kan dus nie uitgesluit wees in die gesprek met die mens (pastorale gesprek) of die sorg aan die mens (pastorale versorging) nie. Sowel die pastor as die persoon wat pastorale hulp en sorg ontvang, moet op soek wees na die leiding van die Heilige Gees in hulle handelinge. Die koninkryksperspektief wat in die pastoraat hoofsaak is, realiseer slegs in die werk wat die Heilige Gees in mense doen. Dit geld nie net die lewe van die gelowiges nie, maar ook alle mense in die samelewing. Alhoewel baie mense vandag nie meer so erg bewus wil wees daarvan dat die kerk in die samelewing nog teenwoordig is nie en dat gelowiges 'n roeping in die samelewing het nie, kan geen verandering plaasvind sonder die werk van die Heilige Gees nie. Nie net in pastorale werk nie, maar ook in evangeliesasiewerk, geld dit. Evangelisasiewerk word meermale gesien as pastorale sorg/hulp in die breë samelewing, waar ook gesoek word na die verlore/verdwaalde skaap. Sommige mense (en dan vroeër gemeentelede) het

heeltemal die koninkryksperspektief verloor en bestuur hulle lewe sodanig dat hulle nie meer as "kerkmense of gelowiges" herkenbaar is nie. Kerklike statistiek oor die afgelope paar jaar, onderstreep hierdie onrusbarende tendens van die afval van die kerk. Die kerk het hier 'n roeping te vervul. In die pastorale gesprek met die ontwortelde kerklosse en kerklose mens, kan die Heilige Gees ook sy werk doen in die lewe van die weggedwaaldes en positiewe verandering bring.

"Moderniteit, als resultaat van het moderniseringsproses dat zich in de Westerse sameleving voltrokken heeft, is een uitermate breed en complex verschijnsel. Bij alle goeds dat het moderne denken en de moderne samenleving gebracht hebben, kan niet worden ontkend dat de Christelijke kerk, als traderende gemeenschap, hierdoor in onze tijd voor grote en bijkans onoplosbare problemen wordt gesteld" (Heitink, 1993,28).

In die post moderne tyd val die klem minder op die gemeenskapslewe en meer op die individuele mens. Subjektivering en individualisering word baie duidelik onderskei. Die individu is ouer as die subjek. Die mens het homself ontworstel van die kollektiewe en 'n enkeling geword. In ons tyd is die individu maar op homself aangewese om deur sy persoonlike lewensbestuur, staande te probeer bly. Die mens as subjek soek na die waarheid van die lewe deur geestelik op sy eie bene te probeer staan. Sy subjektiewe ervaring het belangriker geword as sy sogenaamde objektiewe vasstaan. "Het gaat hier om een verandering van die bewustzijnsvormen van de mensen, waardoor zij de saken om zich heen anders waarnemen, waardoor zij ook anders met waarden en waarheden omgaan" (Dekker, 1987:117). Die vraag kan dan gevra word of daar nog plek is vir die Pastor (die Heilige Gees) en die pastor (amptelike kerklike versorger)! "In onze tijd behoort subjectivering tot het bewustzijn van vrijwel ieder individu. In deze verbinding heeft individualisme vaak een negatiewe bijklank. Men ziet hierin de mens, die alleen maar met zichzelf bezig is en ten diepste aan zichzelf genoeg heeft. Het ik-gevoel verdringt het wij-gevoel. Het proces van individualisering kan echter ook positief geduid worden, omdat individuatie zich altijd voltrekt langs de weg van participatie. De mens die echt zichself kan zijn, is de mens die leeft in een open relatie met anderen" (Heitink, 1993:40). Daarom word praktiese

teologie ook dan verstaan as 'n teologie van die subjek. Die dimensie van die werk van die Heilige Gees binne 'n handelingsteoretiese opvatting van die praktiese teologie is dus geregverdig. Hy is ons Trooster en Pastor.

Niemand kan ooit die transformasie of die veranderinge wat die Heilige Gees bring, in pastoraat en in die praktiese teologie ontken nie. Die Heilige Gees werk bekering en bekering is alreeds 'n verandering in die gedagtes en lewensuitkyk van die mens om tot geloof in Jesus Christus te kom. Die Heilige Gees maak die mens voortdurend bewus van sy Godgegewe roeping om die koninkryk van God te soek. Die Heilige Gees laat ons God dien soos dit hoort en laat ons afsien van ons eie gedagtes van diensbaarheid. Hy leer ons geskikte lewensbestuursvaardighede met die oog op die komende koninkryk.

## 2.8 DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE PASTORALE PRAKTYK.

"Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?" (1 Kor. 3:16).

"Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê?" (Jak. 4:5).

Die Heilige Gees is daarom oral en altyd teenwoordig. Hy is teenwoordig in die praktyk van die lewe van die mens (gelowige), elke oomblik. Dit is juis een van die doelstellings van die pastorale gesprek, om die gelowige in sy oomblik van twyfel of krisis of nood, te verseker van die nabyheid en teenwoordigheid en troosvolle werking van die Heilige Gees, ook in die praktyk van sy eie lewe. Ons lees in Johannes 6:63 "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe."

In die pastorale praktyk is die werk van die Heilige Gees onontbeerlik: "Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God

woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon" (Rom. 8:9-11). Ons moet daarvan altyd bewus wees dat die Heilige Gees in die gelowige woon en werk. Die praktyk van ons pastorale sorg en pastorale gesprek moet in harmonie hiermee plaasvind sodat God, deur die bemiddelende handelinge van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel word, kan kom tot die mens in nood. In die pastorale gesprek word die gebeure, belewenisse en interpretasies verhaal. Die Heilige Gees wat in ons woon en dus die "gebeure" meegemaak het, kan nie nou uitgesluit word nie. Sy werk is juis om aan ons die regte insigte te verleen sodat ons kan verstaan wat met ons gebeur. Praktiese teologie is 'n handelingswetenskap, waar die kom van God tot die mens in die praktyk verstaan word. Deur die werk van die Heilige Gees wat nou (na die uitstorting van die Heilige Gees en die hemelvaart van Christus) in die mens woon, kom God tot die mens in die praktiese gebeure van sy lewe. Daar bring die Heilige Gees verandering met die oog op die koninkryk van God.

"Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook" (Rom. 8:22-23). Die mens is in hierdie sugte ingesluit as gevolg van die sondeval en die gebrokenheid van die wêreld en die onvolmaaktheid in menslike lewensbestuur. Dit is waarom pastoraat gedoen moet word. Die mens is vervreem van God en dit maak hom skuldig voel en maak hom korrup in al sy verhoudings. Die mens oortree die verordeninge van God en dit bring meer ellende en skuldgevoelens vir hom.

Dit is die rede waarom daar in die moderne tyd soveel probleme is by die mens. Probleme is nie maar alledaagse verskynsels nie. Probleme vloei voort uit die sondeval in die paradys waar die mens die vermoë verloor het om reg te lewe en sy lewe te bestuur soos God wil. Pastors sal daarom die oorsprong van probleme moet

onderken en verstaan om dan by wyse van die pastorale gesprek aan die sake aandag te gee. Die vernuwing wat daar in die mens moet plaasvind sodat hy sy lewe voortaan reg sal bestuur, vind plaas deur die werking van die Heilige Gees. Hierin lê die groot uitdaging aan pastoraat om die gelowige gefundeerde en verantwoorde lewensbestuursvaardighede te laat bekom.

Deur pastoraat word aan hierdie sake aandag gegee sodat 'n lewe deur die Gees gelei kan word waarvan ons lees in Romeine 8:1-2: "Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood." In pastoraat maak ons gebruik van 'n probleem-geörienteerde benadering wat kyk na die mens se probleem in die lig van God se verklaring waarom die probleem bestaan. Die vraag word gevra: waarom kom daar probleme voor in die persoonlike lewensbestuur van die mens en in sy soeke na die koninkryk van God? God verduidelik in sy Woord, dat die mens van nature in opstand is teen God se wil. Die mens het die verhouding met God verbreek en daarmee al die ellende van die lewe oor hom gebring. Deur die werking van die Heilige Gees word hierdie mens 'n nuwe mens. "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Kor. 5:17). Dit is die doel van pastoraat om die oue, skadelike en ondoeltreffende lewensbestuur en lewenspraktyk, te laat verander in 'n lewe wat bestuur word volgens Skrif-gefundeerde beginsels. Die Heilige Gees laat die gelowige ontslae raak van die ou mens met sy ou metodes van die bestuur van sy lewe, wat uiteindelik sou lei tot die ewige dood. Die Heilige Gees laat die gelowige hom met die nuwe mens beklee wat op Bybelse voetspoor, sy lewe met sukses bestuur en wat uitloop op die lewe in die koninkryk van God. Dìt op sigself is ook een van die geloofshandelinge van die gelowige in die praktyk van sy lewe.

Pastores moet die werk van die Heilige Gees in die pastorale praktyk erken. Sielkundig, is verandering baie moeilik. Verandering beteken die loslaat van gevestigde gebruike en gewoontes. Verandering beteken dat jy nou met iets nuuts moet begin, wat vroeër onbekend was. Jy begin om die "less travelled roads" te bewandel. Die mens is sielkundig bang vir die onbekende. Verandering hou vir die

mens bedreiging in. Pastoraat sit die lewendmakende en heiligmakende werk van die Heilige Gees voort deur die verandering van doelstellings by die mens te bewerk deur interpretasie en her-interpretasie van die lewensverhaal. Pastoraat bring die koninkryksperspektief weer in fokus. Pastoraat verbeter die lewensbestuursvaardighede van die mens sodat hy sy lewe bestuur soos God in sy Woord eis. Hierdie nuwe of ander bestuursvaardighede stem ooreen met die eise van die veranderde post moderne samelewing wat deur die pastor geken en verstaan en bestudeer moet word. Wie kan die veranderinge wat die Heilige Gees in die pastorale praktyk bring, ontken? In Hebreërs 2:10-11 lees ons: "God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie as sy kinders tot heerlikheid lei. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur die lyding heen tot volmaaktheid sou bring. Hy wat heilig maak sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader." Lees weer Johannes 6:63: "Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe."

## 2.9 DIE PASTOR IN DIENS VAN DIE HEILIGE GEES.

Pastorale werk in al sy fasette is die werk van die Heilige Gees en pastorale werkers is alleen maar medewerkers wat deur die Heilige Gees in sy diens geneem word. Geen verandering is moontlik in die lewe van die mens, sonder die lewendmakende en heiligmakende werk van die Heilige Gees nie. "Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin, wil julle nou in eie krag eindig? Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?" (Gal. 3:2-6). Daar is geen pastorale werk sonder die Heilige Gees moontlik nie.

Die werk van die Heilige Gees in die pastorale praktyk, waarborg die vrugte van die Gees in die mens wie se lewe deur pastoraat verander is.

> "The Holy Spirit ordinarily effects his characterological work in the lives of believers through the means of grace. He uses the ministry of the Word, the sacraments, prayer and the fellowship of God's people as the principal vehicle through which he brings about such changes. How can counselling that is removed from the means of grace expect to effect the permanent changes that come only by growth in grace? The inconsistency and tension of this problem is felt by nearly every conservative minister at some time or another. But fear and uncertainty (growing out of mental health propaganda), frustration (at not knowing how to handle complex problems), or simple acquiescence in referral as an easy way out, often win out. It is time to reexamine our stance as Christians, and the most important factor in that reexamination should be an honest consideration of the place of the Holy Spirit in counselling" (Adams, 1970:21).

God kom tot die gelowige in sy wêreld deur die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Heilige Gees in sy werk ingeskakel word. Die Heilige Gees is God met ons en in ons. Die werk van die pastor berus nie by homself nie, maar by die Heilige Gees. In die pastorale praktyk wat hy beoefen moet die pastor die werk van die Heilige Gees ten volle in ag neem. Selfs sy werk as pastor, is 'n gawe van die Heilige Gees. Van hierdie gawe word gepraat in Efesiërs 4:7-13. Adams (1970:24) sê: "The fact of the Holy Spirit in counselling, therefore, implies the presence of the Holy Scriptures as well." In Romeine 15:13 lees ons: "Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!" God is deur sy Woord en Gees teenwoordig by die mens veral wanneer hy in die pastorale gesprek die verhaal in sy lewensverhaal vertel. Die mens vertel sy verhaal onder leiding van die Heilige Gees wat daaraan sin en betekenis gee.

In die narratiewe (verhalende of vertellende) benadering gaan dit ook en veral oor God se verhaal. Daardie verhaal word eers deur die Heilige Gees vir ons werklik ontvou. Met die ontvouing blyk dit dat God tot die mens kom in die praktyk van sy lewe. God is nie 'n God van afstand wat buite die gebeure, ervaringe, belewenisse en

interpretasies van die mens staan nie. God is betrokke. Deur 'n pneumatiese invalshoek word ons gehelp tot 'n meer werklikheidsnabye teologie (Heitink, 1994:520).

Om aan die uitdaging aan die pastoraat vandag met die oog op die verwerwing van verantwoorde lewensbestuursvaardighede gevolg te gee, is dit uiters noodsaaklik om die werk van die Heilige Gees in die pastorale praktyk te verstaan. "God kom tot mense in hul wêreld in sy Woord deur die intermediêre, die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Gees ingeskakel word in sy werk" (Pieterse,1993:5). Praktiese teologie as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, staan in diens van die kommunikasie tussen God en mens binne die huidige geloofspraktyk. Soos wat Jesus sy dissiples in die wêreld ingestuur het sodat die mens God kon ontmoet, gebruik die Heilige Gees vandag mense (pastores) om deur bemiddellende pastorale handelinge, sy lewendmakende en heiligmakende werk voort te sit. Pastoraat staan dus in diens van die Heilige Gees totdat die koninkryk kom. Die pastor staan in diens van die Heilige Gees, waarsonder die werk nie gedoen kan word nie.

## 2.10 SAMEVATTING.

Om die huidige werklikheid van die gelowiges se geloofshandelinge en geloofsverstaan vas te stel, is dit nodig om die kommunikasie van die evangelie in verskillende lewenssituasies na te speur. Vir die praktiese teologie en veral vir pastoraat, is dit nodig om die ontmoeting van God met die mens in die praktyk van die lewe raak te sien. God kom tot die post moderne mens in sy wêreld deur die bemiddelende pastorale handelinge van mense wat deur deur die Heilige Gees in sy diens ingeskakel word. Na die hemelvaart van Christus, het die Heilige Gees as Trooster en Pastor gekom. Die Heilige Gees werk nou in die pastorale praktyk. Geen pastorale werk kan sonder die Heilige Gees gedoen word nie. Omdat die Heilige Gees in die gelowige woon, kan Hy in die pastorale gesprek, nie uitgeskakel word nie. Alle vorme van pastorale werk is ondergeskik aan die kragtige werk van die Heilige Gees. Dit is die grondpilaar van die praktiese teologie en die pastorale sorg, dat die Heilige Gees die werk van God doen deur die handelende optrede van mense. Dit onderstreep die relevansie van hierdie studie binne die praktiese teologie, want "Dit

is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe," verklaar Jesus self in Johannes 6:63.

Hier lê die sukses van die pastoraat in die praktyk. Die vrugte van die Heilige Gees kan weer vertoon word. Die verdwaalde kan weer teruggebring word. Die gelowige kan weer op die pad na die koninkryk teruggeplaas word. Pastoraat kan aan die gelowige verantwoorde lewensbestuursvaardighede laat bekom. Pastoraat rus op God se kom na die mens deur sy Woord en sy Gees in die praktyk van sy lewe in die kerk en in die samelewing. Pastores staan só in diens van God met die oog op sy koninkryk; in diens van Christus om die evangelie van verlossing en bevryding te laat hoor; in diens van die Heilige Gees wat mense lewend maak en heilig maak, tot eer en verheerliking van God. Die opdrag aan pastores om aan die skape weiding en leiding te verskaf (Joh. 21:15-17) staan vas. Die gelowiges word opgeroep tot 'n veranderende lewenswandel in die Gees: "Julle moet die liefde nastreef. Lê julle toe op die gawes van die Gees, maar veral daarop om God se boodskap te verkondig" (1 Kor. 14:1).

Basies is alle pastorale handelinge, die handelinge van God in Christus Jesus deur die Woord en die Gees. Hierdie studie wil daartoe bydra dat deur die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies en met verskillende handelinge soos veral die pastorale gesprek, die gelowige Skriftuurlik verantwoorde lewensbestuursvaardighede bekom, onder leiding van die Heilige Gees. Dìt is die uitdaging wat daar vandag aan die pastoraat gestel word.